

RACHEL ISABELLA STEYN

J. Haasbroek

Die Afdeling Geskiedenis van die Nasionale Museum besit 'n ryke en interessante fotoversameling oor die geskiedenis van Bloemfontein en die Oranje-Vrystaat. 1982 is die "Jaar van die Bejaarde" en uit ons versameling spreek die lewe van Rachel Isabella (Tibbie) Steyn as 'n treffende voorbeeld van hoe mooi die ouderdom kan wees. Sy was 'n vrolike en sonnige kind, 'n bekoorlike meisie, 'n stralende moeder, 'n statige presidentsvrou, 'n fiere ouma en 'n kleinood en besieling vir haar volk tot in die gryse ouderdom.

Tibbie Steyn is op 5 Maart 1865 op Philippolis gebore waar haar vader, ds. Colin Fraser, sy lewe lank predikant van die N.G. Gemeente was. In Oktober 1887 tree sy in die huwelik met advokaat M.T. Steyn, waarna die egpaar hulle in Bloemfontein vestig. Na Steyn se verkiesing tot Staatspresident van die Vrystaatse Republiek in 1896, het Tibbie as bekwame gasvrou talle hooggeplaaste besoekers op waardige wyse ontvang en onthaal. Saam met haar eggenoot het sy die spanningsvolle maande gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) deurgemaak. Na die vredesluiting in 1902, toe haar gesondheid veel te wense oorgelaat het, het sy op eie inisiatief die President na Europa geneem vir behandeling van die toenemende verlamming wat by hom ingetree het. Na 'n langsame herstel het president Steyn en Tibbie na hulle terugkoms in Suid-Afrika, hul op *Onze Rust* gevestig. Hier het sy talle besoekers en hooggeplaastes wat president Steyn as die vertroude raadsman kom spreek het, met gulhartige gasvryheid en kenmerkende vriendelikheid ontvang. In 1907 het die eer haar te beurt geval om die eerste voorsitster van die Oranje-Vrouevereniging (O.V.V.) te word.

Groot was Tibbie se droefheid toe haar man haar in 1916 ontval. Sy verdwyn egter nie op die agtergrond nie, maar het intens saam met die gebeure in die Afrikaanse Volksgeskiedenis geleef en steeds die volgehoue agting en erkenning van die volk wat sy gedien het, geniet. Sy tree by verskeie openbare geleenthede op en is 'n waardige ambassadeur vir haar land. In 1948 is sy op besondere wyse vereer toe sy as buitengewone gesant deur die regering na



'n Vrolike en sonnige kind.

(foto. Nasionale Museum)

Nederland afgevaardig is vir die kroning van prinses Juliana. In dieselfde jaar is sy tydens 'n groot Volksfees in Bloemfontein deur die regering gehuldig vir haar toewyding en diens aan haar volk.

Op 3 Januarie 1955 is die verfynde en blymoedige Tibbie oorlede. Haar biograaf, Nellie Kruger, bring hulde aan hierdie merkwaardige vrou as sy getuig:

"Die lewe het haar beproef en sware lesse geleer, maar sy het die lesse omgewerk tot 'n innerlike krag waaruit vriendelikheid en welliewendheid straal. Sy ken geen bitterheid en geen verwyte nie; sy tob nie oor wat verby is nie. Elke dag is vir haar 'n nuwe dag, wat sy nie uit verveling verby wens nie, maar gebruik om haar belangstelling te voed. Daarom kan sy nooit 'n ou mens word nie. Die toekoms bly haar lok."



'n Bekoorlike meisie.
(foto: Nasionale Museum)



'n Statige presidentsvrou.
(foto: Nasionale Museum)



'n Stralende moeder.

(foto: "Het Volksblad"-drukkerij)



In Europa.

Agter: *Cornelis du Preez, Gordon Fraser, Colin Steyn;*

Middel: *Hannah Steyn, mej. Hannie Richter, pres. M.T. Steyn, mev. R.I. Steyn, Gladys Steyn;*

Voor: *Tibbie Steyn, Emmie Steyn.*

(foto: Nasionale Museum)



Besieling vir haar volk.

(foto Oranje-Vrouevereniging)



'n Fiere oma.

(foto: Nasionale Museum)





'n Waardige ambassadeur.

(foto Nasionale Museum)

Ontmoeting in 1947 tussen mev. Steyn en koning George VI van Engeland aan huis van haar seun, Colin Steyn, in Bloemfontein.

v.l.n.r. prinses Elizabeth, koning George VI, mev. R.I. Steyn, koningin Elizabeth, prinses Margaret, Colin Steyn.



Gesant na Nederland.

(foto The Friend)

Mev. Steyn en haar dogter, Emmie, tydens mev. Steyn se vertrek na Nederland.